

## DIE BEDANKING VAN MINISTER H. C. HULL

Nog selde het 'n Eerste Minister met soveel probleme te kampe gehad soos genl. Louis Botha toe hy in 1910 Premier van die Unie van Suid-Afrika geword het. Sy probleem was dat hy nie geweet het presies waar hy met baie van sy ministers gestaan het nie. Dit was in die dae toe provinsialisme nog baie sterk was. Veral twee van die Kaapse ministers, J. W. Sauer en H. Burton, het die wêreld vir Botha bemoeilik. Hulle was sterk ondersteuners van J. X. Merriman, Botha se teenstander om die premierskap. F. S. Malan het op die draad gesit, en dit was eintlik net sir David Graaff wat hom openlik aan Botha se sy geskaar het.

Die twee Vrystaatse ministers, A. Fischer en J. B. M. Hertzog, het, wat die toepassing van die konsiliasie-beleid betref, nie oog om oog met Botha gesien nie, en ook hulle wou liever vir Merriman as Premier gesien het. F. R. Moor en C. O'Grady Gubbins van Natal het nog nie heeltemal kant gekies nie en moes hulle politieke kleur nog toon. Botha het nie presies geweet waar hy met hulle staan nie.

Genl. Botha moes dus swaar leun op die steun van sy twee Transvaalse kollegas, J. C. Smuts en H. C. Hull. Smuts se goeie hoedanighede was bekend, en Hull het besondere bekwaamheid aan die dag gelê as Minister van Finansies. Die Transvaalse driemanskap het dus sterk gestaan, maar Botha het nogtans onveilig gevoel. Reeds voor die verkiesing in September 1910 het Botha aan Smuts geskryf: „Ik moet jou zeg ik is onrustig, en bovenop voel ik erg ongelukkig in de Regeering en de indruk die ik heb gaan wij met open oogen naar een slechte val, en ons vrienden wil niet luister, dietengevolge zal jij en ik ons posisie moet bespreek”.<sup>1</sup>

Die verkiesing het dan ook 'n politieke ramp gebring toe Botha en twee van sy ministers, Hull en Moor, verslaan is. Smuts skryf: „But the defeat of Botha, Moor and Hull came as a nasty knock, and in other cases too we have expected far better results”.<sup>2</sup>

Die feit dat Botha en Hull beide verslaan is, het sekerlik die Transvalers se posisie in die kabinet benadeel. Die krisis is egter vererger toe Hull geweier het om langer in die kabinet te dien. Sonder hom sou Botha beswaarlik oor die weg kon kom. Nie net het hy hom onderskei as Minister van Finansies nie, maar hy was die enigste persoon wat die finansiële opset van die Unie goed geken het. Daarby was daar nie 'n ander persoon in Transvaal wat bekwaam genoeg was, en op wie Botha ten volle kon staatmaak nie.

Gelukkig kon Hull met groot moeite omgehaal word om in die Ministerie te bly. Hy het die setel Barberton in 'n tussenverkiesing beveg wat J. P. Jooste, die Suid-Afrikaanse Partylid, ten gunste van hom

1. Hancock en Van der Poel, *Smuts Papers III*, p. 12. Botha aan Smuts, September 1912.

2. *Ibid.*, p. 16. Smuts aan A. B. Gillett, 19.9.1910.

ontruim het. Hull het selfs daarin geslaag om die S.A.P.-meerderheid te vergroot toe hy Dewdney Drew verslaan het. So is die krisis afgeweer.

Botha het hom egter steeds nie van sy posisie seker gevoel nie. Daar was veral twee ministers wat vir sy hoofpyn verantwoordelik was. Hulle was Sauer en Hertzog. Terwyl Botha die Imperiale Konferensie van 1911 in Londen bygewoon het, het hy verneem van die noenmaal wat ter ere van Hertzog in Pretoria aangebied is. Hy was verontwaardig, en kla by Smuts: „Pau schreef mij omtrent de dinner aan Hertzog en ik moet zeg dat ik voel zeer opgewonne en ontevreden, hoe Hertzog zelf zo iets kon toelaat verstaan ik niet, echter meent dit wij moet ons klaar maak voor moeielijkheid, en dit lijken mij banja of zijn ambitie zijn kop laat opswel — echter Jannie wij moet ons oog op de positie hou, want voor mij lijken het dikwels of de tijd niet banja ver af is dat jij, Hull en ik uit de Regeering zal gaan, ik voel iets komt maar noch niet zeker wat”.<sup>3</sup>

Dit was egter Sauer wat die grootste probleem veroorsaak het. Hy het hom baie seker van sy posisie in die kabinet gevoel. Hy het geweet dat hy op die steun van Merriman kon staatmaak, en daarom ook op die ondersteuning van die Kaaplanners. Om daardie rede kon Botha hom nie maklik teengaan nie. Sauer se optrede in die Regering het tot veel wrywing en onderlinge wantroue aanleiding gegee. Minister Moor het by sy uitrede uit die kabinet aan genl. Botha gevra of hy vir Sauer vertrou, waarop Botha hom 'n antwoord skuldig gebly het.<sup>4</sup>

Sauer, wat Minister van Spoorweë was, het hom aan eiegeregtigde optrede begin skuldig maak. Hy het die spoorweë as 'n onafhanklike departement beskou. Belangrike sake rakende sy departement het hy selde aan die kabinet voorgelê. Dit het hom spoedig in botsing met die ander ministers gebring. Veral Hull, as Minister van Finansies, kon die toestand nie gedoog nie. Hy het dit op verskeie kabinetsvergaderings te berde gebring, maar Sauer het hom nie daaraan gesteur nie. Botha het ook nie sy weg oopgesien om teen Sauer op te tree nie.

Op 24 Januarie 1912 het Hull egter 'n dringende brief aan die Eerste Minister gerig waarin hy geëis het dat die toestand reggestel moes word. Dit was duidelik dat sake tot 'n punt beweeg het. Hy het geskryf: „A radicle change is urgently necessary in the relationship between the administration of the South African Railways and Harbours and the Government. I have felt for some time that the methods adopted by the Railway Administration in connection with railway affairs have strongly tended to set up a Department which regards itself as distinct and independent from the Government”.<sup>5</sup> Volgens Hull het die toestand eerder vererger as verbeter, en dit moes nie langer geduld word nie. Sy besware was dat die lede van die Regering nie oor belangrike sake rakende die spoorweë geraadpleeg is nie en dat tot op daardie stadium nog geen poging aangewend is om uitvoering te gee aan dié deel van Artikel 127 van die Suid-Afrika-Wet wat bepaal dat in die administrasie

3. *Ibid.*, p. 34. Botha aan Smuts, 15.6.1911.

4. ACC 608/4. *Dagboek van H. E. S. Fremantle*, 21.5.1912.

5. P.M. 406. Hull aan Botha, 24.1.1912.

van die spoorweë, die ontwikkeling van die landbou en industrie in ag geneem moet word, en bevorder word deur middel van goedkoop spoorvervoer.

Hull kla verder dat die kabinet nooit ingelig word oor die spoorweginkomste en -uitgawes nie. Hy wys daarop dat lede van die Regering by verskeie geleenthede beswaar gemaak het teen die totale onkunde waarin hulle verkeer met betrekking tot spoorwegaansake. So bv. is verskeie nuwe poste in die spoorwegadministrasie geskep, gevul en die salarisse vasgestel, sonder dat die Regering daarin geken is. Nuwe spoorlyne word aangelê, sonder dat die Regering geraadpleeg word. Alhoewel die parlement eersdaags sou vergader, was die Regering nog nie ingelig oor die Spoorwegbegroting nie. Hy vermeld ook dat hy die vorige dag inligting ontvang het dat die spoorwegadministrasie gedurende die finansiële jaar uitgawes aangegaan het wat nie goedgekeur was nie, en dat dit gedoen is, sonder die goedkeuring van die Regering. Die goedgekeurde bedrag vir uitgawes is met £2,150,000 oorskry. Tariefverlagings wat plaasgevind het, het net die Kaapprovinsie bevoordeel. „I do not think it is right that the state of affairs to which I have referred to above should continue, and I regard the matter of such importance that I shall be glad if you will cause it to be discussed in Cabinet”.<sup>6</sup>

Genl. Botha wou op daardie stadium egter, liever 'n konfrontasie met Sauer vermy en die saak is nooit voor die kabinet gelê nie. Hy het die probleem wel met Sauer bespreek, maar geen verbetering is daaruit gebore nie. Die verhouding tussen Hull en Sauer het eerder versleg.

Vroeg in Mei 1912 het Hull verneem dat die spoorwegadministrasie weer sekere ongeoutoriseerde uitgawes aangegaan het, sonder die goedkeuring of medewete van die kabinet. Toe daar op daardie stadium, slegs 'n paar dae voordat die spoorwegbegroting ter tafel gelê moes word, nog geen inligting daaromtrent aan die kabinet beskikbaar gestel is nie, was Hull se beker vol en het hy op 18 Mei as Minister van Finansies bedank.

Die bedanking van Hull het onmiddellik 'n nuwe krisis tot gevolg gehad. Nie alleen was hy 'n bekwame Minister van Finansies nie, maar hy was op daardie stadium feitlik onmisbaar, aangesien die begroting eersdaags voor die parlement sou dien. Daarby het Hull se uitrede Botha se posisie in die kabinet verswak, en daarmee ook die Transvaalse invloed. Gedurende die naweek van 18-20 Mei is dan ook alle pogings aangewend om Hull tot ander insigte te bring, maar hy het by sy besluit gebly.

Om sake te vererger het Hull daarop aangedring dat hy 'n verklaring in die Volksraad wou maak. Dit sou beteken dat die Regering se vuil wasgoed in die openbaar gewas sou word, en dit kon genl. Botha skaars bekostig.

Hull se skielike uitrede uit die Regering het vir sowel die Parlementslede as die publiek as 'n verrassing gekom. Niemand was bewus

6. *Ibid.*

van enige vorm van disharmonie in die kabinet nie. Die sitting van Maandag, 21 Mei, is dus met groot belangstelling afgewag. Hull het in sy verklaring ook geen doekies omgedraai nie. Hy het die beskuldigings soos hy dit aan Botha gestel het, herhaal. Hy het dit duidelik gestel dat die kwessie nie plotseling opgeduik het nie, maar dat dit oor 'n lang tyd gestrek het. Hy het steeds gehoop dat die toestand sou verbeter, maar dit het eerder versleg. Hy, as Minister van Finansies, kon die houding van die Minister van Spoorweë nie goedkeur nie, want indien die spoorwegadministrasie om die een of ander rede nie sy verpligtinge sou kon nakom nie, sou die belastingbetalers moes opdok, en dit sou vir hom as Minister van Finansies onmoontlik wees om voorstelle te maak om die tekort aan te vul waarvoor hy onder geen omstandighede verantwoordelik was nie. Indien hy langer in die Ministerie sou bly, sou dit beteken dat hy toestem tot 'n politiek en 'n metode wat hy as verkeerd beskou, en wat selfs in stryd was met die gees en betekenis van die Suid-Afrika-Wet.

Sauer het in sy verweer teen die aanklagte van Hull nie oortuig nie. Hy het ontken dat hy eiegeregtig opgetree het. Hy het selfs probeer bewys dat hy wel die Regering geraadpleeg het. Dit was egter duidelik dat die simpatie van die Huis by Hull was.

Die volgende môre het die Leier van die Opposisie, sir Thomas Smartt, die buitengewone toestand van sake onder die aandag van die Volksraad gebring. Hy het die Eerste Minister versoek om die Raad in te lig, aangesien Hull en Sauer se verklarings teenstrydig was. Die Premier moes sê wie gelyk het, en die werklike redes vir Hull se bedanking verskaf.<sup>7</sup>

Genl. Botha was nou teen sy sin in die debat ingesleep. Daar is van hom verwag om uitspraak tussen die twee ministers te gee. Sy dilemma was dat indien hy Sauer gelyk gee, die Transvalers kon sê dat hy die kant van 'n Kaapse minister bo dié van 'n Transvaler kies. Skaar hy hom aan die kant van Hull, kon hy die Kapenaars vervreem, en so-doende Merriman se aanhang versterk. Terselfdertyd sou hy sy eie bekwaamheid as leier van die Regering onder verdenking bring, deur te erken dat die Minister van Spoorweë toegelaat is om onafhanklik van die Regering op te tree.

Genl. Botha het dit in sy verklaring betreur dat die kwessie in die parlement geopper is. Dit kon veel beter in die kabinet opgelos word, het hy gemeen. Hy het vir Hull gelyk gegee dat die kwessie van tariefverlagings nooit in die kabinet bespreek is nie. Die effek wat die verlagings op die provinsies sou hê, is wel bespreek, dus is Sauer daar reg. Die nuwe spoorwegaanleg, is nie deur die kabinet bespreek nie, dus is Hull weer daar reg. Die voorgestelde nuwe spoorlyne, is egter wel deur Sauer aan lede van die kabinet getoon, maar die enigste besonderhede wat verstrekkend is, was die lengte van die lyne en die koste daaraan verbonden.

Die Eerste Minister het verder daarop gewys dat die spoorwegadministrasie groot probleme ondervind. Hy stem saam dat die kabinet

7. *Vriend des Volks*, 28.5.1912.

nie voldoende geraadpleeg is nie, maar daar bestaan redes voor. Die spoorwegadministrasie meen dat hy onder die Grondwet as 'n onafhanklike departement funksioneer. Spreker stem egter saam dat die kabinet meer geraadpleeg moes word, hoewel niemand die reg het om te sê dat die spoorwegaansake verkeerd loop nie. Deel van die skuld moet aan die Spoorwegaansake gaan wat die eerste liggaam van sy soort was en probeer om as 'n onafhanklike liggaam op te tree, het die Eerste Minister gemeen.<sup>8</sup>

Botha se verduideliking het nie vir Hull bevredig nie. Laasgenoemde het onmiddellik op die been gekom en hom op sy kollegas beroep om te sê wie van hy of Sauer gelyk gehad het. Hy het gesê dat die Eerste Minister se verduideliking nie reg aan hom laat geskied het nie. Dit was egter 'n lid van die Unioniste Party, sir Percy Fitzpatrick, wat vir Hull in die bresse getree het. Hy het gesê dat Hull die indruk skep dat hy reg is. Hull het sy ontslag geneem op grondwetlike beginsels, nie op persoonlike oorwegings nie, het hy gemeen. Daar het geskille tussen die ministers ontstaan en blykbaar moes die een wat reg was die kabinet verlaat, en die een wat in die ongelyk was, is toegelaat om aan te bly. Dit is duidelik, het hy gesê, dat Sauer soos 'n outokraat opgetree het. Hy het die spoorwegaansake slegs geraadpleeg wanneer hy wou, en hy het die Regering nie ingelig nie. Sodoende het hy feitlik die Regering gevorm.<sup>9</sup>

Die bedanking van Hull het ernstige gevolge vir die Suid-Afrikaanse Party en sy leier gehad. Genl. C. F. Beyers het vir Botha aangeraai om te bedank, en wanneer hy dan as die leier van die meerderheidsparty gevra word om weer 'n regering saam te stel, vir Sauer weg te laat.<sup>10</sup> H. E. S. Fremantle skryf in sy dagboek: „Hull is plainly right and I am sorry that Botha did not side with him against Sauer and leave Merriman to join forces with Smartt if he wished, and then, being defeated, appeal to the country and sweep them out of existence”.<sup>11</sup>

Die vraag is nou waarom Botha verkies het om sy Transvaalse kollega op te offer ten gunste van Sauer. Aan sy private sekretaris het Botha gesê dat die politieke lug nie suiwer is nie. Waar die kwessie van Hull nog gaan eindig, weet niemand nie. Tot 'n sekere mate is Hull se opvatting juis, maar Hull het geen gevolg in die Parlement en daarbuite nie, terwyl Sauer dit wel het. Die verskil was nie van so 'n aard dat dit 'n breuk met Sauer geregverdig het nie, en 'n breuk met Sauer, kon lei tot 'n skeuring in die Regering en die party.<sup>12</sup>

Tog kon Botha nie langer vir Sauer in die Spoorweg-portefeulje hou nie. Hull se onthullings het die indruk gelaat dat die spoorwegvervoer tot nadeel van die binneland gereël word, en dit kon vir Botha 'n verlies aan politieke steun in die Transvaal beteken het. Maar die probleem was dat die verwydering van Sauer weer 'n nuwe, en ernstiger politieke

8. *Volksraadsdebatte*, 1912, Kol. 2226.

9. *Vriend des Volks*, 28.5.1912.

10. ACC 608/4: *Dagboek van H. E. S. Fremantle*, 21.5.1912.

11. *Ibid.*, 20.5.1912.

12. *Engelenburg-versameling*: Bok aan Engelenburg, 7.6.1912.

krisis kon skep. Smuts skryf in dié verband: „Ik weet niet of ik jou reeds geschreven heb dat er na de Parlementsitting moeielijkheid in de Cabinet verwacht wordt. Genl. Botha gaat insisteren dat Sauer de portefeuille van spoorwegen zal opgeven en een ander nemen; Sauer, meen ik, zal eerder bedanken en dan gaat Burton ook. Van Malan zijn wij onzeker daar hij zeer bangerig is. Dus kan jij zien dat onze moeielijkheden maar begonne zijn. En daar is vrees dat er een verwijdering langs provinciaale lijnen zal komen tusschen de Kaap en Transvaal. De toekomst is zwanger met kommer en gevaar”.<sup>13</sup>

Gelukkig kon genl. Botha die probleem oplos deur sy eie portefeulje, nl. Landbou, aan Sauer te gee, en Spoorweë aan 'n ander Kaapse minister, nl. Burton. Smuts het Finansies saam met Verdediging, onder sy sorg geneem.

Botha en Smuts het egter vir Hull ernstig kwalik geneem oor die wyse waarop hy hulle, volgens hulle mening, in die steek gelaat het. Om sake te vererger het Hull nou baie groter steun uit Transvaal gekry as wat Botha verwag het. Verskeie noenmale ter ere van hom is in Johannesburg en Pretoria aangebied. Smuts skryf: „De Hulls zijn gister naar de Transvaal vertrokken, alwaar dinners en ander waarderingen hen afwachten. En wij die gewond zijn in het huis onzer vrienden moeten nu noch zijn last bij het onzen dragen. Het benieuwd mij watter houding hij gaat aannemen. Overal in de Transvaal worden Louis en ik slecht gemaakt en Hull geprezen. Wat zou gebeuren indien wij ook bedanken! Maar daaraan denkt niemand”.<sup>14</sup>

Ten spyte daarvan dat Hull met sy uittrede uit die kabinet, beloof het om die Regering in die Parlement te steun, het hy nogtans in die 1913-sitting vir 'n mosie van wantroue in die Regering gestem. Hieroor het Botha baie verbitterd gevoel, en toe Hull daarop sy setel bedank en hom weer verkiesbaar stel as Suid-Afrikaanse Party-kandidaat ten einde sy kiesers die geleentheid te gee om sy optrede goed of af te keur, was die vet behoorlik in die vuur. Botha het hom nou persoonlik begin beywer dat Hull in 'n nominasieverkiezing verslaan moes word. J. P. Jooste, die Hoofsekretaris van die Party, is aangesê om Hull te opponeer. Botha het Jooste se kandidatuur probeer bevorder deur persoonlik briewe aan bekende kiesers in Barberton te skrywe. Aan genl. Schalk Burger het hy gesê dat indien sy kandidaat verloor, dan is die opinie van die volk getoets, en daarvolgens sou hy moes optree. „Glo my met erns, as ons die setel verloor sal dit 'n onherstelbare nederlaag wees, en noodlottige gevolge vir my hê,” het hy gesê.<sup>15</sup>

Effens teen die verwagting in het Hull die nominasiestryd in Barberton gewen. Dit het by implikasie beteken dat die kiesers sy wantroue in die Regering gedeel het, en Botha het dit dan ook as 'n wantrouemosie in hom en in die Regering beskou.

13. *Smuts Papers III*: Smuts aan M. S. Smuts, 19.6.1912.

14. *Ibid.*, p. 94, Smuts aan M. S. Smuts, 10.6.1912.

15. P.M. 407: Botha aan S. Burger. Telegram.

Genl. Botha het dit nou ernstig oorweeg om te bedank, of om 'n verkiesing uit te skryf. Hy het twee ministers wat in Brittanje was, Burton en Fischer, dadelik terug ontbied ten einde op 'n volle kabinetsvergadering te besluit wat hom te doen staan.<sup>16</sup> Fischer kon egter weens siekte nie terugkeer nie. Botha het ook sy hoofswiep, C. J. Krige, aangesê om hom gereed te hou vir 'n verkiesing. Die ander ministers het Botha egter oorgehaal om met sy taak voort te gaan. Botha se bedanking op daardie stadium, sou die Hertzogiete te veel bevoordeel het. Daarby was die oorlogswolke aan die saampak in Europa, en 'n regeringsverandering op daardie stadium, is nie in die beste belang van Suid-Afrika beskou nie.

Genl. Botha kon vir Hull egter nooit vir sy optrede vergewe nie. Met die inval in Duitswes-Afrika was dit spoedig duidelik dat Smuts nie die dubbele portefeulje van Verdediging en Finansies kon behartig nie. Daar was egter geen ander geskikte persoon beskikbaar nie. Smuts het aanbeveel dat Hull weer nadergeroep moes word, maar daarvoor het Botha nie kans gesien nie. „Wat Hull betref,” skryf hy aan Smuts, „voelt ek om hem in te neem in Cabinet zal de spoedigste weg wees om ons partij en Cabinet op te breek en voor een lang tijd klaar te maken, en Jannie ik kan veel staan, maar na wat gebeur het voel ik is het onmogelijk voor mij om met hem in dezelfde Cabinet te zitten, dan zou het voor mij ver beter wees om heelmaal uit politiek te gaan”.<sup>17</sup> Dit ten spyte van die feit dat Hull saam met Botha in Duitswes geveg het, en tot die rang van majoor gevorder het. Die gevolg was dat die sieklike sir David Graaff weer tot die kabinet moes toetree om Finansies te behartig.

A. H. Marais.

16. *Fischer-versameling*: Botha aan Fischer, 28.7.1913. Telegram.

17. *Smuts Papers III*, p. 232, Botha aan Smuts, 1.2.1915.